

Tydens die nasienperiode van Afrikaans Eerste Taal HG Vraestel 2 het die volgende aspekte geblyk:

#### TEGNIÛSE VERSORGING VAN ANTWOORDSTEL :

- Die gebruik van SMS-taal blyk baie duidelik by sommige sentra .Hierteen moet ten strengste gewaak word .
- Die woordperk van die opsteltipevraag word dikwels oorskry. Die gevolg hiervan is dat groot dele van die vraag nie vir punte in aanmerking kom nie.
- Leerders begin nie elke nuwe vraag op 'n skoon blad nie. Dit verhoog die moontlikheid van foute by die optelproses.
- Reëls word steeds nie tussen onderafdelings oopgelaat nie. Dit veroorsaak dat 'n antwoord baie maklik tydens die nasienproses oorgeslaan kan word.
- Numering moet presies wees soos op die vraestel . Verandering van numering deur die kandidaat lei tot penalisering van die punt .

#### • AFDELING A

- Poesië
- Sekere sentrums doen uitmuntende werk wat die poësie betref . Die insig wat leerders aan die dag lê, blyk veral uit die beantwoording van die ongesien gedig. Die voorgeskrewe gedigte by baie sentrums is so goed onderrig dat die gemiddeld per sentrum in sekere gevalle 90% + was.

Die volgende probleme word egter in die algemeen ervaar :

- Heelwat leerders kan nie die begrip “ enjambement” by die inhoud van die gedig uitbring nie
- Daar is totale onbegrip wat met die innerlike en uiterlike bou van 'n sonnet bedoel word .
- Alhoewel metrum 'n voorgeskrewe konsep is , weet heelwat leerders nie wat daarmee bedoel word nie .
- Daar is steeds leerders by sekere sentrums wat die spreker van 'n gedig as die digter self aandui .  
Dit is duidelik dat daar by party sentra nie genoeg klem gelê word op beeldspraak en stylfigure en die verskil tussen die twee begripe nie.

Gedigte wat die beste beantwoord is :

- |                                 |                   |
|---------------------------------|-------------------|
| • Totius ( 1877-1953)           | Joan Hambridge    |
| • Gedagtes van die Nie-arbeider | Louis Esterhuizen |
| • Straatkind                    | Linda Roos        |

#### • AFDELING B en C : DIE DRAMA en ROMAN

Alhoewel sekere sentra uitstekende werk met die afdelings gedoen het , is hierdie die afdelings wat verreweg die swakste beantwoord is .

Die kontekstuele , sowel as die langvraag blyk problematies te wees.  
Die Kontekstuele vraag :

- Leerders moet geleer word wat die volgende begrippe behels :
  - aktualiteit
  - universaliteit
  - tipografie
  - verwantskappe
  - karaktereienskap
- Woordverklarings binne die drama moet veral aandag geniet .
- Of die drama in sy totaliteit gelees is, moet intern getoets word .
- Waak teen die uitsluitlike gebruik van die studiegids .

Die langvraag :

Die volgende moet in klasverband aandag kry :

- Die formaat van 'n langvraag :
  - Inleiding en slot
  - Die gebruik van volsinne
  - Paragrafering
- Die beplanning van 'n langvraag
  - Onderstreep kernwoorde
  - Skryf beplanning neer
- Dui die getal woorde by elke vraag aan . Punte word verbeur aangesien langvrae te lank is .